



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2009**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (20) |
| AFDELING C: | Korter tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR elke skryfstuk wees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word sterk aanbeveel dat 60 minute aan AFDELING A, 30 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C bestee word.

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.

1.1 **VALENTYNSDAG 2009 SAL EK NOOIT VERGEET NIE**

Valentynsdag is gewoonlik 'n spesiale dag vir mense wat lief is vir mekaar. Almal beplan lank voor die tyd vir dié dag. Hulle gee vir mekaar kaartjies, presente en blomme.

Jy sal Valentynsdag 2009 nooit vergeet nie.

Skryf 'n opstel en vertel waarom dit so spesiaal was.

Hou die volgende in gedagte:

- Watter planne het jy vir Valentynsdag gemaak?
- Wat het jy gegee?
- Wat het jy gekry?
- Wat het alles gebeur?
- Hoekom was die dag só spesiaal? **[40]**

**OF**

1.2 **HOOGTEPUNTE IN MY SKOOLJARE**

Jy maak hierdie jaar klaar met skool. Sekere dinge en mense sal jy nooit vergeet nie.

Skryf 'n opstel en vertel hiervan.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat was die belangrike gebeurtenisse?
- Met wie het dit gebeur?
- Waar het dit plaasgevind?
- Wanneer het dit plaasgevind?
- Hoekom sal jy dit nie vergeet nie? **[40]**

**OF**

1.3 **EK IS DIE STAATSPRESIDENT**

Ons land het vanjaar verkiesing gehou. Jy is verkies tot staatspresident. Jy is nie tevrede met alles in ons land nie.

Skryf ŉ opstel oor hoe jy die land sal verander sodat almal ŉ goeie lewe kan hê.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat wil jy verander?
- Waarom wil jy dit doen?
- Hoe wil jy dit verander?
- Wie gaan jou met die proses help? **[40]**

**OF**

1.4 **EK HOU BAIE VAN ...**

Daar is ŉ akteur/aktrise/sanger/sangeres van wie jy baie hou.

Skryf ŉ opstel oor hierdie persoon en beskryf hom/haar.

Hou die volgende in gedagte:


- Sê wie jou gunstelingakteur/-aktrise/-sanger/-sangeres is.
- Beskryf waarom hy/sy so goed is.
- Bespreek die soort musiek/rolle waarvoor dié persoon populêr is.
- Sê waarom hierdie persoon so spesiaal is vir jou. **[40]**

**OF**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.5 Kies EEN van die volgende prentjies en skryf 'n opstel daaroor.

1.5.1



[Bron: *Stories that talk,* Departement van Onderwys] **[40]**

**OF**

1.5.2



[Bron: *Stories that talk,* Departement van Onderwys] **[40]**

**OF**


1.5.3



[Bron: *Move!*, 26 Februarie 2009] **[40]**

**OF**

1.5.4




[Verwerk uit: *Sun*, 4 Maart 2009] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die onderwerpe.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jou maat het vir die vakansie by jou kom kuier. Jy het uitgevind dat hy/sy dwelms gebruik. Jy het met hom/haar gepraat oor die gevare van dwelms, maar hy/sy wou nie luister nie.

Skryf 'n brief aan sy/haar ouers waarin jy hulle vertel wat gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarom het jy besluit om aan sy/haar ouers te skryf?
- Hoe het jy uitgevind dat jou maat dwelms gebruik?
- Watter soort dwelms gebruik hy/sy?
- Wat het gebeur toe jy met hom/haar gepraat het?
- Watter raad het jy vir hom/haar gegee? **[20]**

**OF**

2.2 **DIALOOG**

Jy het planne om na graad 12 verder te gaan studeer. Jy wil baie graag universiteit toe gaan, maar jou ouers het nie geld om vir jou studies te betaal nie. Jy en jou ma bespreek hierdie probleem.

Skryf die gesprek tussen jou en jou ma neer, waarin julle maniere bespreek om geld in die hande te probeer kry.

Begin julle gesprek só:

Jy: Waar dink Ma gaan ons die geld kry sodat ek volgende jaar universiteit toe kan gaan?

Ma: Ek weet nog nie, maar miskien ...

LET WEL: Daar moet 'n reël oop wees tussen elke spreekbeurt. **[20]**

**OF**

2.3 **VERSLAG**

Een van die leerders in jou klas het ŉ selfoon gesteel. Die hoof het julle gevra om die probleem self op te los en die dief te help sodat hy/sy nie meer sal steel nie.

Skryf nou ŉ verslag vir die hoof oor hoe julle die probleem hanteer het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar en wanneer is die selfoon gesteel?
- Waar is die selfoon gekry?
- Hoe het julle die saak hanteer?
- Hoe help julle hom/haar om nie weer te steel nie? **[20]**

**OF**

2.4 **FORMELE BRIEF**

Jy wil graag verder studeer en jy het in die koerant gelees dat *Voorwaarts Maatskappy* beurse aan toekomstige studente gee. Hulle posadres is Posbus 4150, Durban, 4001.

Skryf ŉ brief aan die bestuurder van *Voorwaarts Maatskappy* en doen aansoek om ŉ beurs.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat is jou persoonlike inligting?
- Waarvoor wil jy studeer?
- Waar wil jy studeer?
- Wat wil jy met die beurs betaal?
- Hoeveel geld het jy jaarliks nodig?
- Hoe gaan jy dit terugbetaal? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE

### VRAAG 3

Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die onderwerpe.

3.1 **INSTRUKSIES**

- Hieronder volg 20 instruksies oor hoe om stywepap vir ŉ gesin te maak. Die instruksies is NIE in die regte volgorde geskryf NIE.
- Rangskik die instruksies in die REGTE VOLGORDE. Nommer hulle daarna van 1 – 20.
- Punte word afgetrek as jy nie die sinne VOLUIT skryf nie.

3.1.1 Skep die pap op.

3.1.2 Voeg die eerste klompie mieliemeel by.

3.1.3 Wag totdat die water kook.

3.1.4 Skakel dan die stoof aan./Maak dan vuur.

3.1.5 Sit die deksel op die pot en verminder daarna die hitte.

3.1.6 Roer die pap weer.

3.1.7 Spoel die pot uit en plaas dit op die warm stoof/vuur.

3.1.8 Haal weer die deksel af.

3.1.9 Los die pap nou om gaar te kook.

3.1.10 Sit die deksel weer op die pot.

3.1.11 Gooi water in die pot.

3.1.12 Roer die mieliemeel vinnig in die water.

3.1.13 Haal die deksel na ŉ rukkie af om nog meel by te voeg.

3.1.14 Verminder die hitte verder.

3.1.15 Laat dit nog ŉ paar minute op die verminderde hitte staan.

3.1.16 Gooi sout in die kokende water.

3.1.17 Maak seker dat daar na die eerste meng nie klonte is nie.

3.1.18 Laat dit stadig kook.

3.1.19 Roer die pap vir die laaste keer deur.

3.1.20 Kry heel eerste al die bestanddele bymekaar. **[20]**

**OF**

## 3.2 ADVERTENSIE

Jy verkoop vullisblikke met oulike slagspreuke (logo's) op.

Stel 'n advertensie vir 'n koerant saam waarin jy dié wonderlike produk adverteer.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoe lyk die vullisblikke?
- Hoeveel kos dit?
- Lewer jy vullisblikke af wat bestel is?
- Wie is die kontakpersone en wat is die telefoonnommers?
- Wat is die naam en adres van die winkel?

LET WEL: Dit moet soos 'n koerantadvertensie lyk. Punte word vir die *inhoud* toegeken en nie vir die versiering nie. **[20]**

**OF**

## 3.3 POSKAART

**POP IDOLS**

Jy is vir Pop Idols gekies! Jy is baie bly daaroor. Jy sal vir die land kan wys dat jy kan sing. Miskien gaan jy op TV verskyn!

Skryf 'n boodskap op 'n poskaart en stuur dit aan 'n maat. Vertel hom/haar dat jy 'n finalis vir Pop Idols is.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar en wanneer gaan jy optree?
- Wat gaan jy sing?
- Hoe voel jy daaroor?

Bied die poskaart in die volgende formaat aan: (Teken die formaat in jou ANTWOORDEBOEK oor.)

| | | |
|---|---|---|
| | | SEËL |
| | | |
| | ADRES: | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou